JANUARIE 2003 Jg/Vol 11.1

HALF-BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

SCHALK SE FEES

Schalk Theron se 90ste verjaarsdag (2 September) is toe luisterryk deur die Afdeling Vrystaat in Montagu gevier op die aand van 20 September 2002. Dit is bygewoon deur Molly Smit, Essie Esterhuyze, Sandra Bishop, Juanita Brink, Frank en Hester van der Berg, Rina en Jim Smit en Anneke van Woerkom.

Die atmosfeer het al vroliker geword namate al hoe meer feesgangers Saterdag opgedaag het. Van die vorige dag af het Molly en Schalk al fluks kosgemaak vir die groot gelee ntheid en toe die tyd vir eet opdaag, het ons lustig weggelê aan heerlike beesstert en slaaie. Ons het heelwat ou herinneringe opgediep. Die eregas het al die aandag baie geniet.

Die aand is laat afgesluit met een van Schalk se beroemde skyfie-vertonings.

Die volgende oggend het ‘n paar dowwe koppe na die berghutte net buite die dorp vertrek. Vir die res van die dag tot sononder het ons in aansienlike hitte ‘n uitputtende maar skouspelagtige sirkelroete op die Bloupunt Wandelpad gestap. Wat ‘n wonderlike ruwe roete! Schalk het ons nie vergesel nie as gevolg van griepsimptome wat net nie wou wyk nie. Op pad terug hut toe het hy ons flink tegemoet gekom, griep of te nie. Met die oorskiet van die vorige aand en Essie se sappige skaapribbetjie het ons die verjaarsdagfees in die wonderlike kloof voortgesit.

Na ‘n besoek aan die warmbronne die volgende oggend het die Van der Berg’s, Essie, Sandra, Molly en Juanita van Schalk afskeid geneem en na Sanddrif in die Sederberge vertrek waar ons vir drie nagte in ‘n chalet aan die voet van die Wolfberg gebly het. Gedurende ‘n lang, moeisame maar skouspelagtige dag het ons Dinsdag deur die Wolfbergskeure gewurm, in die Wolfbergboog geëet en toe die la-a-ang pad terug slaapplek toe aangedurf.

Die volgende dag was dit reënerig. Ten spyte (dankie tog!!!) van Juanita se pleidooie om in die reën te klim, het Essie ons op ‘n daglange besigtigingsrit na Wupperthal geneem. Die dorpie is nog net so skilderagtig en die mense so vriendelik soos altyd. Die skoenfabriek bestaan ook nog. Op pad het ons onder andere die gedenkteken vir C Louis Leipoldt op die Pakhuispas besoek.

Donderdag was die weer mooi en Essie, Juanita en Molly het na die Maltese Kruis geklim. Die lenteblomme en die kruis het vir aandag gebie. Na die oggend se inspanning is ons weg na Saldanhabaai, waar ons by Frank en Hester in ‘n gastehuis aangesluit het.

Die volgende oggend het Essie vir Sandra, Molly en Juanita by Paternoster afgelaai (hy is terug na Vredenburg om aan sy kar te laat werk). Die driestuks het strandlangs na Tietiesbaai en terug gestap. Die blomme was bietjie sku omdat dit betrokke was. Juanita het sowaar in ‘n sloepie in die koue oseaan gebad! Brrrr!!!!

Die res van die tyd het ons in Gordonsbaai, Stellenbosch en die Kaap deurgebring. Die Waterfront het veral aftrek gekry.

Ons is dit almal eens dat dit ‘n wonderlike en meesal gemoedelike week was sonder ernstige probleme. Ons het so lekker gekliek dat ons besluit het om weer iets soortgelyks te probeer doen. Dit was op enkeles van ons se aansienlike ouderdomme lekker om die berge betreklik rustig te bestorm met dae tussenin vir die knakkende knokke om te herstel. Ons oues het ook saamgestem dat dit heerlik is om nie swaar rugsakke te dra in die aande van ons lewens nie en elke nag ‘n lekker dak met geriewe oor ons koppe te hê.

In die inskripsie in die boek wat die Afdeling aan Schalk geskenk het, het ons beloof dat die oorlewendes die jongman weer op sy 95ste verjaarsdag sal besoek om die vieringe voort te sit. En Schalk het gebaai in al die aandag en hom gate uit geniet. Net jammer dat hy nie enduit kon meedoen soos ons en hy oorspronklik beplan het nie.

Molly Smit

VAN DIE VOORSITTER

Beste Bergklublede en Stapvriende

2003: OM TE STAP, KLIM, BEWAAR EN BALJAAR!

We include the program of activities for the first semester 2003. We invite all our members, new as well as those with a longstanding affiliation, to study the program and to enjoy the company of the mountain club in our beautiful mountains. The program attempts to cater for a diversity of needs! The younger generation is particularly invited to participate in the activities of the club.

In reflecting, I wish to both thank and commend Derek Odendaal for his enthusiastic leadership over the past three years in his capacity as chairperson of the Free State section of the Mountain Club of South Africa. We appreciate his continued participation in the activities of the club and the way in which he represented our section at the Central Committee of the Mountain Club of South Africa. Thank you also for your future contribution, especially regarding our climbing program!

VERPLIGTE SUBSKRIPSIE TOT DIE JOERNAAL VAN DIE BERGKLUB:
Sedert 1894 publiseer die BKSA jaarliks die *Joernaal van die Bergklub van Suid-Afrika / Journal of the Mountain Club of South Africa* waarin bg. bedrywighede, lede se klimtogte en allerlei interessanthede oor bergklimonderwerpe beskryf word. Die 104de uitgawe in 2002 het weereens bewys dat dié gevierde publikasie die spreekbuis geword het van die belangrikste nie-regeringsorganisasie (NRO) oor die bergomgewing en stappersregte in Suid-Afrika. Dit is terselfdertyd ’n vertoonvenster van ons klub se bedrywighede, nasionaal en internasionaal.

Hoekom dan verpligtend?
Om die Joernaal bekostigbaar te hou ondanks die hoë glanskwaliteit van foto’s (109 op 220 bladsye!) en die hoë standaard van artikels en setwerk, moet genoeg adverteerders bekom word. Dit kan alleen gebeur as alle lede die joernaal aankoop.

The Central Committee of the Mountain Club of South Africa (CenCom) decided in favour of the Journal being included in members‘ subscriptions to be implemented over a 2 years period as follow:

- **January 2003: Sections state the number of 2002 journals they will order**
- **January 2004: The 2003 Journal will be included in membership fees.**
- **The principle of one journal per household was accepted.**

For the current R50-00 plus R5-00 postage this proves to be excellent value for money. We wish to encourage members to take advantage and order the 2002 publication.

HALF BILLI:
Thank you Molly Smith for again editing the Half Billi. This time-consuming task is done with dedication and a touch of humour. We enjoyed your experience of the Alpine huts and the visit of the Free State section to the enigmatic Schalk Theron.

Vriendelike groete – ons sien u almal graag vanjaar op die voetslaanpaaie en in die berge!

Michiel Prins

Voorsitter

Life is nothing until it is lived
but it is yours to make sense of
and the value of it is nothing else but
the sense that you choose

-Jean Paul Sarte

Oorsig en doelwitte tov BKSA en Joernaal

- Nico Combrink

Die Bergklub van SA is in Oktober 1891 gestig deur 'n groep bergklimgeesdriftiges wat in 'n Kaapstadse kafee byeengekom het. Nou, 111 jaar later, verteenwoordig dit 'n landwye liggaam met 13 afdelings en verteenwoordigend van die belange van meer as 4500 bergklimmers oral in Suid-Afrika en Namibië.

Die Sentrale Komitee (Senkom) van die Bergklub behartig die belange van die geaffilieerde afdelings en bestaan uit die president, 'n aantal uitvoerende lede en die voorsitters van die 13 Afdelings van die Bergklub.

Die BKSA is die oudste avontuursportliggaam en die oudste amateurbewaringsliggaam in SA. Die BKSA het sedert 1994 internasionale erkenning verkry en is geaffilieer by die invloedryke UIAA, die internasionale unie van nasionale bergklubs en verenigings. Hierdie affiliasie het aan die BKSA baie meer invloed en hefboomkrag verleen om ons behoeftes, doelwitte en ideale by die regering en ander belanghebbende instansies aanhangig te maak. Hierdie doelwitte sluit in:

- **Om bergklimtogte te reël en te bevorder.** Die primêre funksie van die Bergklub is om deur ervare leiers en kenners van die berge, stappers aan ons mooi land bekend te stel. Die Klub doen dit al vir 'n 100 jaar lank en in die Vrystaat sedert 1954. Die BKSA was 'n inisieerder en stigterslid van die eertydse Nasionale Voetslaanpadraad, waardeur die wonderlike netwerk van voetslaanpaaie oor Suid-Afrika sy eerste beslag gekry het.
- **Om die opleiding en veiligheid van bergklimmers te bevorder.** Die Bergklub bied opleiding in rotsklim, bergklimvaardighede en bergleierskap. Onder leiding van die Mountaineering Development and Training Trust, wat deur die Bergklub gestig is, het die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Berggidse tot stand gekom wat akkreditasie by SAQA (die South African Qualification Authority) ontvang het vir die daarstel van opleidingsprogramme en standaarde vir die opleiding van Berggidse.
- **Om soek- en reddingsgeselskappe te reël.** Die Soek- en Reddingseksies van die Bergklub het reeds sedert sy ontstaan meegedoen aan meer as 500 soek- en reddingspogings!
- **Om toegangsregte tot die berge en berggebiede te bekom, uit te brei en te bewaar.** Die BKSA is dié liggaam wat die meeste gedoen het vir die oopstel van nuwe stap- en klimroetes in die land, en die verkryging van toegang vir stappers tot wildernisgebiede, nasionale bosbouplantasies, Nasionale Parke en boere se plase.
- **Om aksies te steun en te inisieer wat die natuurlike skoonheid en wilderniskarakter bewaar en meehelp tot die effektiewe bewaringsbestuur daarvan.** Die Bergklub was 'n stigter van die Nasionale Habitatraad en het oor die jare meegehelp om 'n bepaalde berg-etiek te ontwikkel ter beskerming van die natuurskoon van die berge, sy riviere en fonteine, asook deur die voorkoming en bestryding van berg-, bos- en veldbrande en die bekamping van vandalisme. Die BKSA het reeds twee toekennings vir sy werk ontvang om bergbrande en indringerplante bestry, nl.
    - Die Cape Times Toekenning vir Bewaring
    - Denys Heesom Toekenning vir die Uitwissing van Vreemde Indringerplante.



KILIMANJARO SE WIT HOED VINNIG AAN DIE VERDWYN

Die ys smelt en Afrika se beroemde berg word kaalkop

Die kenmerkende wit "sneeuhoed" van Kilimanjaro gaan binne die volgende twintig jaar verdwyn, sê navorsers. Die hoogste berg in Afrika het in die afgelope eeu sowat 80% van sy permanente sneeuhoed verloor.

Mnr. Lonnie G Thompson van die Universiteit van Ohio sê skattings wat gedoen is met onder meer moderne navigasiesatelliete wys dat die eerste yslae sowat 11 700 jaar gelede in 'n buitengewoon nat tydperk op die berg gevorm is. Omdat dit die laaste jare warm word – 'n volle graad warmer sedert 2000 – verweer die 50 m hoë ysblokke wat Kilimanjaro sy kenmerkende wit hoed gee. Thompson sê in 'n artikel wat in die tydskrif Science verskyn het dat die hoed teen 2020 weg sal wees.

Weens die minder ys wat kan smelt, is daar ook minder water in die riviere van Tanzanië. Die regering is bekommerd dat sodra Kilimanjaro kaalkop word toeriste nie meer na die berg sal stroom nie. Volgens Thompson is Kilimanjaro Tanzanië se topverdiener van buitelandse geld omdat meer as 20 000 toeriste die berg jaarliks besoek. Die berg is baie bekend in die literatuur, veral in Ernest Hemingway se The Snows of Kilimanjaro. Daar is ook antieke gelowe in Afrika wat die berg as heilig beskou.

Wetenskaplikes het gate in die ys geboor om die bevrore lae te bestudeer omdat dit onregstreeks leidrade verskaf oor die wêreld se klimaat en Afrika se antieke weer. 'n Buitengewoon nat tydperk, wat gesien kan word in die lae, strook met ander navorsing wat daarop dui dat Afrika se mere sowat 11 000 jaar gelede oor baie groter dele van die vasteland gestrek het. Volgens Thompson het die Tsjadmeer byvoorbeeld gegroei totdat dit sowat 345 000 vk km beslaan het – so groot soos die Kaspiese See vandag is. Diè meer is nou net 17 000 vk km groot.

Na die nat tydperk het Afrika sowat 4 000 jaar gelede 'n erge droogte beleef. Die droë tydperk is opgeteken in Egipte, waar inskripsies op graftombes verwys na sandduine wat oor die Nyl beweeg en mense wat migreer. Afrika het nie alleen die droogte beleef nie want die geskiedenis wys dat gemeenskappe in Indië, die Midde-Ooste en Suid-Amerika ook in duie gestort het.

Navorsers het in 1962 merkers op Kilimanjaro se ysblokke gesit. Volgens Thompson het die merkers gewys dat die ys in veertig jaar sowat 17 m gekrimp het.

(Rapport, 20 Oktober 2002)

HUT-ETIKET IN DIE ALPE

Molly Smit

Verlede jaar het ek sewe nagte in berghutte in die Alpe deurgebring. Was dit nie vir my ervare

Nederlandse vriende, Carla van den Dolder en Pieter de Pree se voorbeeld nie, sou ek ‘n klomp blapse begaan het.

Eers wil ek net sê dat dit nie help om met jou Bergklub van SA lidmaatskapkaart daar aan te kom in die hoop dat jy vir afslag kwalifiseer nie. Lede van die UIAA (Internasionale Unie van Alpeniste Verenigings) kan teen ‘n groot afslag in die hutte orrnag. Hulle weet by die hutte egter niks van die Bergklub van Suid-Afrika se affiliasie met die UIAA nie. Slegs die feit dat Carla en Pieter my as ‘n familielid by hulle Nederlandse klub laat aansluit het, het verhinder dat ek ‘n aansienliker bedrag vir verblyf sou moes opdok. Nou vir die hutetiket:

1. Jy trek jou stewels uit wannneer jy die hut binnegaan, verkieslik by die voordeur. In die ingangsportaal is gewoonlik bankies en rakke waar jy jou stewels, rugsakke, kieries, ensovoorts kan los. Vir die res van jou verblyf in die hut loop jy kaalvoet/met sokkies/ pantoffels. Jy kan wel jou toerusting na jou slaapplek neem na jy ingeboek het, maar waarom die stewels en kieries saamneem wanneer jy dit eers weer die volgende dag by die deur gaan benodig? (Diefstal is ‘n vreemde begrip daar. Almal is in elk geval goed toegerus).

2. In die slaapkamers is la-a-a-ng matrasse waarop mense ingeryg soos sardientjies slaap. Aan die voetenend van elke ou se slaapplek is ‘n kombers opgevou met afbeeldings van twee voete of die plaaslike woord vir voete aan die buitenste vou naaste aan jou. Jy sorg dat, wanneer jy inkruip, daardie deel van die kombers by jou voete is en nie onder jou neus nie. Wanneer jy die volgende oggend opstaan, vou jy jou kombers op presies soos jy dit gekry het, Mens voorsien jou eie kussingsloop en bolaken/binnesloop. Omdat die slaapplekke verhit word, is slaapsakke in die somer nie regtig nodig nie tensy jy baie koulik is.

3. Daar is ‘n droogkamer vir nat, druppende klere en sakke. Sommige mense gebruik dit ook as ‘n stoorkamer sodat hulle nie met al hul toerusting in die beknopte slaapvertrekke intrek nie.

4. Elke hut het ‘n kombuis en eetplek waar jy al jou etes kan bestel. Die kantien is dwarsdeur die dag en tot laat in die aand oop. Mens is veronderstel om die aand vantevore jou skuld te vereffen en nie die oggend van jou vertrek nie (daar het ek geglip maar my blaps is sagkens hanteer en ek sou nie eens daarvan bewus gewees het as Carla my nie reggehelp het nie). Ons het net aandetes en sterker drankies bestel. Jy is egter welkom om jou kos wat jy saamgedra het, in die eetsaal by ‘n tafel te geniet. Kookwater vir koffie of tee is teen betaling vanaf die kombuis beskikbaar.

5. Moet nie dink jy gaan jou in al die hutte in warm water reinig nie. Seker daarom dat hulle die voetgedeeltes van die komberse aandui. Soms, waar dit beskikbaar is, moet jy bykomend vir jou warm stort betaal.

Dit het niks met hutetiket te doen nie, maar ek wil net waarsku dat jy nie moet dink jy gaan oral

op lekker maklike kontoerpaadjies stap nie. Ons drie het onder andere in ‘n deel gestap/klim wat enige tyd net so ru en uitputtend is as die areas waar ons hier stap/klim. Dan baklei jy ook nog met die hoogte bo seespieël. Ek het my tyd op die hoë Alpe, sover die weer ons toegelaat het om daar te stap, met die opgaan baie meer uitputtend ervaar as wat ek verwag het. Ons het nie die kabelkar benut nie en toe ons bo kom, het die ergste (vir ‘n ou tannie) na die Totenalpehut nog voorgelê. Dit hang net af van die roete wat jy kies of jy die hele tyd heerlik rustig en sonder vreeslike uitputting jou staptog kan geniet. Gelukkig het ek heelwat daarvan ook ervaar.

^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^^

SA Ekspedisie na Everest in 2003

'n Lid van die Bergklub en bekende Suid-Afrikaanse klimmer, Alex Harris, is besig om 'n SA ekspedisie na Mount Everest te reël. Dit heet die "Discovery 2003 Everest Expedition" en vind vanaf April tot Junie plaas. Die beplande roete is via die "South Col".

Lede van die ekspedisie is Harris (leier), Sean Disney, David Ker, Sean Wisedale, Deshun Deysel, Errol Gottlich and David O Sullivan. Alex Harris and Sean Disney hoop om hiermee ook hulle strewe na die "Seven Summits" te voltooi. Beide het reeds die ander ses kruine bestyg.

(die "Seven Summits" is die bestyging van die hoogste bergpiek op al sewe die kontinente)

****



DIE NEGE KRUINE

Die Sewe Kruine of "Seven Summits" van die wêreld is reeds geruime tyd 'n strewe van heelwat ernstige bergklimmers en daar is 'n hele paar klimmers wat dit reeds vermag het.

Maar hier plaaslik het Derek Odendaal met 'n ander uitdaging vorendag gekom: die Nege Kruine van Suid-Afrika se nege provinsies. Dit is nou wel 'n baie minder ambisieuse en veeleisende weergawe van die "Seven Summits", maar hy is van plan om al nege hierdie pieke te bestyg. Hy het blykbaar gedurende 2002 reeds goeie vordering gemaak en het nou al 'n hele paar in die sak.

In die volgende Half-Billi sal daar meer volledig berig word hieroor en ook besonderhede gegee word van waar hierdie nege kruine geleë is.

HOOGSTE BERGE IN DIE VRYSTAAT (vervolg)

- Derek Odendaal

In die vorige uitgawe is die hoogste berge in die Qwaqwa area en die Rooiberge verskaf. Hier volg die res:

3. WITTEBERGE

Hierdie is ook slegs die hoogste pieke wat name het.

1. Visierskerf	2407 m
2. Swartkrans	2342 m
3. Sikonyellashoed	2312 m
4. Second Pyramid	2271 m
5. The Sphinx	2258 m
6. Oorsprongberg	2234 m
7. Jacobsberg	2227 m
8. Mount Morkel	2184 m
9. First Pyramid	2167 m
10. Tepelkop	2035 m

4. VRYSTAAT / KWAZULU-NATAL GRENS en omgewing (vanaf Die Bergoord noordwaarts)

Slegs 10 van die hoogste en bekendste pieke in die area word genoem:

1. Skeurklip (Memel)	2361 m
2. Babangiboni	2327 m
3. Mont Pelaan	2292 m
4. Mkhongiwe	2277 m
5. Rensburgskop	2236 m
6. Nelsonskop	2330 m
7. Aasvoëlkop	2216 m
8. Kranskop	2173 m
9. Sungubala	2133 m
10. Kerkenberg	2081 m

5. ANDER BEKENDE LOSSTAANDE BERGE HOëR AS 2000 METER

1. Platberg (Harrismith)	2394 m
2. Witkoppie (Memel)	2336 m
3. Mooihoekkop (Harrismith)	2281 m
4. Qwaqwaberg	2217 m
5. Aasvoëlberg (Zastron)	2207 m
6. Kolberg (Slabberts)	2182 m
7. Thaba 'Nchu	2138 m
8. Libanonkop (Slabberts)	2132 m
9. Kranskop (Zastron)	2104 m
10. Gemsbokberg (Vrede)	2095 m
11. Bothasberg (Kestel)	2094 m
12. Koesberg (Rouxville)	2093 m.
13. Vegkop (Zastron)	2072 m
14. Thaba Phatshwa	2094 m
15. Mount Paul (Harrismith)	2043 m
16. Mabula (Kommissiepoort)	2032 m
17. Baker's Kop (Harrismith)	2025 m
18. Genadeberg (Zastron)	2023 m
19. Elandsberg (Vanstadensrus)	2015 m
20. Queen Victoria-berg (Fouriesburg)	2005 m

6. ANDER BEKENDE LOSSTAANDE BERGE LAER AS 2000 METER

1. Wonderkop (Marquard)	1993 m
2. Viervoetberg (Ladybrand)	1925 m
3. Korannaberg (Excelsior)	1860 m
4. Mpharaneberg (Ficksburg)	1854 m
5. Mensvreterberg (Excelsior)	1854 m
6. Platberg (Ladybrand)	1843 m
7. Biddulphsberg (Senekal)	1835 m
8. Tafelkop (Senekal)	1828 m
9. Wardens Tower (Marquard)	1809 m
10. Jammerberg (Wepener)	1732 m
11. Naval Hill (Bloemfontein)	1496 m

HOOGSTE DORP in die Vrystaat:
Clarens – 1810 m

KIMBERLEY KRY NUWE VOëLSOORT (na 5 jaar se werk))

Hannetjie van der Merwe

Die Diamantstad het sy eie voëlsoort ryker geword toe 'n voël- en dierkundige die Kimberley-koester "ontdek" het. Dit het dr. Richard Liversidge vyf jaar geneem om die bestaan van dié nuwe spesie te bevestig. Dr. Garry Voelker van die VSA' 'n koester-kenner, was in dié tyd twee keer in Suid-Afrika en het onder meer die DNS-toetse hiervoor gedoen.

Die ontdekking is pas in die *Bulletin of the British Ornothologists Club* gepubliseer wat beteken dié nuwe voëlsoort word erken as die Kimberley-koester, *Anthus pseudosimilis.*

Liversidge het ook vroeër 'n nuwe koester ontdek, die langstert-koester, wat in 1996 in dieselfde bulletin gepubliseer is. Daarna het hy 'n koester gesien wat hy vermoed het 'n nuwe spesie is. Hy het sy monster met ses Nicholson koesters vergelyk en 'n verskil in die

vlerkformule gekry. Een, wat van Springfontein gekom het, het met sy monster (wat toe later die Kimberley-koester genoem is) ooreengestem. Vier jaar van veldwerk het gevolg. Liversidge is daarna na Springfontein toe waar hy onder meer besonderhede oor die eiers, neste, sang, habitat en hofmakery gekry het wat verskil van dié van die Nicholsonse koester.

(Beeld, 21 Augustus 2002)

TRAIL BAIT

Mountain Stir Fry

bacon
cooked rice
fresh mushrooms
onions
leeks
celery
green peppers
(or any combination of crisp fresh vegetables)
salt, pepper
margarine

Slice all ingredients, keeping vegetables and bacon separate. Melt margarine. Fry bacon over low heat. When cooked, add vegetables and rice, salt and pepper. Stir continuously, avoiding over-cooking or burning.

Trail spaghetti dinner (4 people)

1,5 liter water
packet tomato soup
packet spaghetti sauce
150 g dried meat/biltong
200 g quick cooking noodles
parmesan cheese, grated

Bring water to boil. Add soup, sauce mixes and meat. Cook until tender. Add noodles. Before serving, sprinkle with cheese.

INTERNATIONAL CLIMBING MEET IN SA 2003

An international climbing meet, organised by Ulrike Kiefer is to be held from 15 to 23 March 2003 in the Western Cape with the Du Toit'skloof hut, surrounded by Du Toit's Kloof, Klein Drakenstein, Slanghoek and Witteberg ranges, as base. Ulrike hopes to introduce visiting climbers to one of South Africa's premier and most accessible climbing destinations, to the sunny climate and the local climbing fraternity. International climbers will be able to make contact with South African climbers and obtain information about other climbing venues in South Africa.

The Du Toit's Kloof valley area offers everything from easy mountain scrambles to routes of grade ES/EG (British) or IX-(UIAA), from single pitch-crags to routes of about 20 pitches (about 500m-high wall).

Generally the climbs are on trad gear, but there are some single-pitch sport routes at Hellfire Crags and the Waterfront Crag, both in the Du Toit's Valley. Day or two-day trips can be arranged to Montagu, a major sport climbing area, Milner Peak in the Hex River Mountains, for traditional sport climbing; Agama Atra bouldering area near De Doorns, Hex River Mountains; Duiwelskloof in the Groot Drakenstein mountains, for long trad routes; or to Cape Town, for trad and/or sport climbing or bouldering. If there is a demand, a one-day kloofing (canyoning) trip will also be oranised.

South African climbers who want to participate, need to be able to lead and trad. Some knowledge of the Western Cape mountains will be an advantage, but is not a condition. Our climbers will have to act as guides to foreign climbers and also provide transport around the Western Cape crags. CNC permit fees will be sorted out in the future. More details on http://jhb.mcsa.org.za/Meets.htm

---

Ed February receives Gold Badge

Probably one of the best known members of the MCSA, Dr Edmund February, received the club's highest reward, the Gold Badge, in September last year. He is a member of the Cape Town Section.

Ed has been climbing for more than 30 years and his contributions to the sport of climbing and mountaineering, as well as to the MCSA in general, were remarkable. He opened around 200 climbing routes in South Africa and beyond. He has been involved internationally in alpine climbing on Mount Kenya, Chamonix, big walls such as in Yosemite and Zion in the USA, as well as sport climbing in Thailand and Verdon. He was also one of the expedition members of the first South African expedition to Everest in 1996, although he and other members quit the expedition due to leadership problems.

Besides climbing and being a great climbing ambassadeur for South Africa, Ed has also been involved with conservation, committee work, outreach, training, organising events and writing contributions for the Journal. According to Ed, one of the most meaningful aspects of climbing and mountaineering for him was that of sharing these experiences. Ed is indeed a worthy recipient of this award.

Check out this Website

For all you keen mountain and mountaineering lovers, there is a very nice website with lots of interesting information and features on mountain related topics.

The site is **www.superclimb.co.za** and has many book reviews, news on the latest mountaineering achievements, accidents and issues, as well as features on climbers and events. The site will be well worth a visit.